

Dit is vandag Hervormingsfees. Ons vier 503 jaar van Hervorming. Daar is 'n lang lys van Hervormers. Op die internet het ek 'n hele alfabet van Hervormers gekry. By elke letter, behalwe by X en Y is name, of 'n lys van name geskryf.

As ons die woord Hervorming hoor, is die eerste naam waaraan almal dink egter Martin Luther. Martinus Ludher van Mansveld is op 10 November 1483 in Duitsland gebore. Sy pa, Hans, was 'n mynwerker. Hy het as deel van die werkersklas arm grootgeword. In 1497, toe hy 14 jaar oud was, het hy, in die skool, vir die eerste keer met 'n volledige Bybel in aanraking gekom. Dit het 'n onuitwisbare indruk op hom gemaak.

Hy was 'n briljante student. Hy het sy BA graad in regte in 2 jaar verwerf. Op 22 jarige leeftyd is hy byna deur weerlig raakgeslaan. Hy het hom op heilige Anna beroep en belowe om 'n monnik te word indien die Here sy lewe sou spaar. In 1509 het hy 'n graad in Teologie ontvang en drie jaar later is 'n doktorsgraad in Teologie aan hom toegeken.

Luther het 'n geweldige geestelike worsteling gehad. In sy eie woorde: "Ek was 20 jaar lank 'n monnik en het myself geteister met gebede, vas, nagwake en koue tot so 'n mate dat ek amper van die koue gesterf het ... in my soeke na die ware God...?"

Hoe meer Luther egter na die ware God gesoek het, hoe minder kon hy Hom vind. Dit het Luther laat verklaar dat hy God nie liefhet nie, maar eerder haat. Min het hy geweet dat die God soos aan Hom voorgedhou, 'n verwronge voorstelling was van die ware God wat Hom in Christus Jesus aan die wêreld kom bekend maak het.

Luther het die ware en regverdige God ontdek toe hy Rom 1:16-17 bestudeer het:

<sup>16</sup> Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo, in die eerste plek die Jood, maar ook die nie-Jood.

<sup>17</sup> In die evangelie kom juis tot openbaring dat God mense van hulle sonde vryspreek enkel en alleen omdat hulle glo. Dit is soos daar geskrywe staan: "Elkeen wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe."

Hy het besef dat die Rooms Katolieke kerk van sy tyd verkeerd was. Goeie dade, die aflaatstelsel waar jy betaal vir die wegneem van jou sonde, sakramente en geestelikes kan mens nie red. God red mense uit genade enkel en alleen omdat hulle glo.

Hierna was daar nie omdraaikans nie. Die Rooms Katolieke Kerk was die kerk van die dag. Die Bybel was net in Latyn vir die geleerdes beskikbaar. Gewone gelowiges het nie Bybels gehad nie. Hulle kon ook nie Latyn verstaan nie. Dit was een van die redes vir die baie dwaalleer van hierdie tyd.

Op 31 Oktober 1517 (hierdie jaar 503 jaar gelede), spyker Luther (toe 34 jaar oud) sy 95 stellings aan die kerkdeur in Witteberg vas. Die Bybel was lank verlore in die kerk, maar God het hom en baie ander gebruik om die Bybel en die suiwer evangelie te herontdek.

Luther baie tyd en energie gebruik om die Nuwe Testament in Duits te vertaal sodat almal die Bybel kon lees.

Die Luther roos, was 'n opsomming van sy teologie en die boodskap van die Bybel. Sentraal was 'n swart kruis in 'n rooi hart. Die kruis en geloof in die gekruisigde red ons. Die hart staan in die middel van 'n wit roos. Dit wys daarop dat geloof vreugde, troos en vrede gee. Die roos is in 'n lugblou veld, wat simbool is van die hemelse toekomstige vreugde wat vandag reeds vir gelowiges begin. En rondom hierdie blou veld is 'n goue ring. Dit simboliseer die waardevolste, kosbaarste seën wat in die hemel vir ewig bestaan

### **Skriflesing**

Rom 1:8-17

**Tema:** Vier fees omdat jy dit wat die kosbaarste is, gratis ontvang.

### **Preek**

Die tema van verlede week was: Bou jy of breek jy? Op vraag hoe dit moontlik is om bouers te wees, was antwoord waarby ons stilgestaan het:

**Staan vas – in geloof op Jesus Christus**

**Staan saam**

**Staan op en stap saam met Christus**

**Op Hervormingsondag sluit die 5 “solas” van die Hervorming hierby, veral by staan vas, aan.**

**Sola beteken alleen. In Afrikaans kan ons seker praat van die 5 allene van die Hervorming:**

- Bybel alleen
- Genade alleen
- Christus alleen
- Geloof alleen
- Aan God alleen die eer

In ons teksvers, Rom 1:16, skryf Paulus waarom hy trots is op die evangelie. En hoor weer 'n paar sola's. Hy skryf: Ek is trots want die evangelie is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo. Kom ons gaan kyk hierna:

### **Evangelie**

Evangelie beteken goeie nuus. Die kernsaak van die kerk en ons as gelowiges se lewens is die goeie nuus van Jesus Christus.

In 1 Kor 3:11 lees ons: "want niemand kan 'n ander fondament lê as wat reeds gelê is nie. Die fondament is Jesus Christus."

In Joh 14:6 sê Jesus: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie."

In Hand 4:12 getuig Petrus en Johannes voor die Joodse Raad: "Hy bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie."

In die erediens verseker God vir ons deur die doop dat Hy ons God en die God van ons nageslag sal wees.

Dit is wonderlik om te weet dat redding nie iets is wat ek doen nie. Ek word nie gered deur die wet te gehoorsaam, deur my beste daede of prestasies nie. Status, volk, stand of geslag maak nie saak nie. My Redder is Jesus Christus.

### **Dit is goeie nuus. En hierdie goeie nuus is 'n krag van God tot redding.**

Ek en jy het in die beskuldigebank voor God gestaan. God het ons tot dood veroordeel as gevolg van ons sonde. Maar God het vir ons so lief dat Hy sy eie Seun gegee het om met ons plekke te ruil. Hy dra ons straf. Jesus Christus red ons in krag, uit dood na nuwe lewe, uit duisternis na lig en uit die greep van sonde na verlossing.

### **Hy bring redding vir elkeen wat glo.**

In die stad Rome was 'n sterk volke- en klasseverdeeldheid. Dit was sterker as op baie plekke vandag. Kontak oor grense is as onbehoorlik en ongewens beskou. Die evangelie is nie so nie. Dit sluit nie uit nie, dit sluit in. God het nie witbroodjies nie. By Hom is daar nie iets soos nie goed genoeg nie.

Redding is vir elkeen wat glo.

Wat beteken om te glo?

Ek verstaan geloof op 3 maniere:

**1. Geloof is soos 'n debietkaart.** By my doop kom verseker God vir my van my kaart waarop Hy al sy liefde, die verlossing deur Jesus Christus en die vernuwende krag van die Heilige Gees gelaai het. God gee ook vir my die geheime kode. Maar die kaart is eers bruikbaar wanneer ek dit gebruik. So word redding 'n werklikheid wanneer ek in geloof aan die Here oorgee en gaan trek uit God se teller wat oorvol is van verlossing en vergifnis.

## **2. Geloof is die bedelaarshande wat ek uitsteek om sy verlossing en genade te ontvang.**

Geloof is nie 'n wyse waarop ek redding verdien nie. Dit is nie my prestasie nie. Dit is die hande wat God my gee en waarmee ek sy redding biddend en dankbaar ontvang.

## **3. Geloof is ook 'n kop, hart en hand ding**

Met my kop verstaan ek iets van die goeie nuus van Jesus Christus. Met my hart gee ek my lewe aan Hom oor en vertrou ek op Hom. Ongelukkig stop baie van ons se geloofsverhaal hier. Geloof is ook hand. Dit is iets wat ek doen, 'n manier van lewe.

Ons lees in Jak 2:14: "So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot daad oorgaan nie, is dit sonder meer dood" en in Jak 2:26: "'n Liggaam wat nie asemhaal nie, is dood. So is die geloof wat nie tot daad kom nie, ook dood."

Ons het ook mekaar nodig om in geloof te volhard. 'n Gelowige is soos 'n kooltjie in die vuur van medegelowiges. Dit beteken nie ons moet mekaar net lekker warm broei nie. Ons moet uitgaan in die koue wêreld en die hitte van sy liefde versprei. Maar as 'n kooltjie te lank uit die vuur uit wegbly bly, word dit koud.

Ons moet bid vir mekaar.

Ons moet mekaar bemoedig en aanspoor. In Rom 1:11-12 lees ons: "Ek sien baie daarna uit om julle te besoek, want ek wil 'n geestelike gawe aan julle oordra om julle te versterk. Ek bedoel dat, as ek by julle is, ons deur mekaar se geloof bemoedig kan word, ek deur julle s'n en julle deur myne."

In Hand 28:15 lees ons van hierdie bemoediging as Paulus uiteindelik as gevangene na Rome kom: "Die gelowiges daar het van ons gehoor, en party van hulle het ons by die Appiusmark kom ontmoet en party by die Drie Herberge. Toe Paulus hulle sien, het hy God gedank en moed geskep."

## **Ons vier vandag Hervorming, die fees van lewe.**

Ons vier fees want Jesus Christus het klaar vergewing van sondes bewerk. God spreek ons vry van sondeskuld. Hy gee vir elkeen wat glo gratis die nuwe, ewige lewe saam met Hom.

Deur geloof wat God se Gees jou gee, maak hierdie vryspraak jou eie. Dan kan jy en almal om jou die heerlike vrugte daarvan geniet, vrugte soos hoop, vrede en vreugde en nog baie ander. Soli Deo Gloria: daarvoor bring ons aan God alleen die eer!

Amen